# NG KERK MOSSELBAAI-SUID

**AFKONDIGINGE: 31 Julie 2016**

*"Christus het die skuldbewys met sy eise teen ons tot niet gemaak. Deur dit aan die kruis te spyker, het Hy dit vir goed weggeneem"* *Kolossense 2:14*

## PROGRAM VIR VANDAG



**DEUROFFER:** Sinodale offer vir Herberg Kinderhuis.

**KATEGESE/KINDERKERK:** Gr R-6 vir Kinderkerk in die saal na die kinder-oomblik in die diens. Gr 7-8 se kategese is na die diens in die saal. Gr 9 kategese vandag om 11:00. Gr 10 Woensdag om 18:00 by ds Robert. Gr 11 vergader 17:00 by ds Danie se huis.

**NUWE INTREKKERS:** Baie welkom in ons midde - mag u verblyf tot seën wees! Die dominee ontmoet jou graag na die diens voor die kansel.

## VOLGENDE SONDAG

**EREDIENS:** Om **09:00** in die kerkgebou (ds Robert) en **09:30** op Vleesbaai (ds Hennie Stander). Ds Danie preek op Herbertsdale. Ds André het 'n afnaweek.

**DEUROFFER:** Sinodale offer vir Hospitaalbearbeiding.

**KATEGESE/KINDERKERK:** Geen a.g.v. langnaweek.

## PROGRAM VIR DIE WEEK

**KLEINGROEPE:** Vergader soos onderling gereël. Nuwelinge kan die kerk-kantoor (tel. 6903552) kontak vir meer inligting.



Ds Danie: Maandag om 15:00 in Santos Haven 2 se sitkamer en Dinsdag om 09:30 in die kerkgebou.

Ds André: Dinsdag 09:30 in die kerksaal.

Ds Robert: Dinsdag om 09:00 te 17de Laan pastorie en om 19:00 by Tienie Bothastraat; Donderdag om 09:00 op Vleesbaai en Boekleesgroep 19:00 te 19de Laan 18.

**Dinsdag:** Geen gebedsbyeenkoms.

**Woensdag:** Santos Haven Biduur om 15:30 by Santos 1 (ds André).

**Donderdag:** Manne bid 06:00 in die "gat".

**BANKBESONDERHEDE**

*Dankoffers: Absa Mosselbaai, rek.no. 207 058 0031*


*Geloofsoffers: Absa Mosselbaai, rek.no. 207 016 7886*

## BELANGRIKE INFO

**KOSKAS:** Augustus is **Streek B** se beurt om bydraes te maak vir die koskas. Droë produkte, groente, blikkies en gevriesde produkte, asook kontantbydraes kan by die kerkkantoor of die dienswerker afgegee word. Joey (073 2988 142).

**DEURKOLLEKTES:** Die deurkollekte vir Kenani Dienssentrum was R2 528.20.

**LENTEDANKFEES:** Ons basaar is DV op 9 September om 17:00 in die kerksaal. **Let asseblief daarop dat ons die Basaar met één week uitskuif om al ons mense wat werk te akkommodeer.** Die dienswerkers loop reeds met die kollektelyste. Volgende week sal ons die konvenors se inligting op die afkondiginge hê.



**ATTESTATE ONTVANG:** Vanaf Vredenburg-Akkerdyk – Amanda Aletta Pitout (nou Steyn) Santos Haven. Vanaf Kaapstad – Anna Magdalena Olivier, Da Nova.




**KOMMUNIKASIE:** Indien u oor 'n epos-adres beskik en dit nog nie aan die kerkkantoor deurgegee het nie, stuur asb 'n epos met u adres en selfoonnr. na die kerkkantoor: ngkerkmsb-suid@absamail.co.za. Indien u 'n nuwe selfoonnommer kry, stel dit ook asb by die kantoor reg of gee u nommer deur as die kerkkantoor dit nog nie het nie.



**SOPKOMBUIS**: Lyste is beskikbaar. Dankie vir almal wat getrou dien in hierdie bediening. Vir inligting skakel asb vir ds André (044-6932462).

**SAAMKUIER NA DIENS:** *Lekker koffie en tee word na die diens in die kerksaal bedien. Kom kuier gesellig saam en leer mekaar beter ken.*



**NUWE INTREKKERS:** Is jy vanmôre vir die eerste maal by ons in die erediens? Baie, baie welkom! Ons wil jou graag met Jesus se liefde omarm en laat tuis voel in ons midde as broer/suster in die geloof! Die dominee ontmoet jou graag na die diens voor die kansel.

**VERKIESING:** Die NG Kerk roep sy lidmate op tot gebed met die oog op die komende munisipale verkiesing. Die verkiesing op 3 Augustus word wyd beskou as een van die moeilikste en belangrikste verkiesings tot op datum. Hierdie omstandighede bied egter aan die lidmate van die NG Kerk 'n besondere geleent-heid om getuienis te lewer van ons geloofsoortuigings. Gemeentes, kerke, dorpe beplan gebedsaksies met die oog op die verkiesing. Ons gemeente roep 'n dag van vas en gebed uit vir Maandag 1 Augustus (7:00 tot 19:00). Elke lidmaat kan volgens eie inisiatief deelneem en besluit of u van iets gaan vas soos kafeiën, sosiale media, TV, ens. U kan die sg Daniëlsvas volg ( eet slegs vrugte en groente). 'n Gesamentlike eenuur-gebedgeleentheid vind plaas om 18:00 tot 19:00 in die saal.



# GEBEDSBULLETIN

**JULIE se tema: Koninkryksvisie.**



**Dank die Here die week vir:**

- Goeie reën en bewaring.
- Ons gemeente se uitreik-projekte en lidmate wat in hulle eie invloedsfeer leef as getuies
- Die voorreg om by Herbergkinderhuis 'n verskil te kan maak in daardie kinders se lewens.
- Die waardeprogram by Laerskool Park.

**Bid hierdie week vir:**

- Vir 'n koninkryksvisie - ons is nie hier bloot t.w.v. ons eie gerief nie maar om tot 'n seën te wees;
- Die naderende dankfees en lyste wat uitgaan. Op hierdie stadium is die gemeente weer heelwat agter op ons begrote Dankoffers inkomste(R170 000). Bid dat alle lidmate hulle offervaardigheid in moeilike tye sal behou.
- Ons sendelinge: Frans Böning is terug in Mosambiek (dank die Here vir die elektrisiteits-aansluiting wat hy gekry het), Neels en Esmé wat binnekort by 'n bediening op George aansluit; Hugo en Jakkie Wolmarans kom na SA om gemeentes te besoek.
- Suid-Afrika en Mosselbaai - plaaslike verkiesing (sien afkondiging).
- Politici om 'n ontmoeting met die Here te hê.
- Die Kerk in Suid-Afrika om getuies te wees van die krag van God en die hoop wat Hy bring.
- Areas waar dit steeds baie droog is
- Alle veiligheidspersoneel wêreldwyd en vir slagoffers van terreuraanvalle

**PERSOONLIK:** Inwoners van Santos Haven se drie siekeboeë, Kenani, Huis Elsjé, Benevolent Park, Ons Huis, Huis Caro en Ons Rus. Die volgende lidmate herstel na operasies, hospitalisasie, siekte tuis, of beleef ander krisisse:

*Pieter Kempen van Boggomsbaai, Lukas Muller Kleinberg, Mara Odendaal 22ste Laan, André Cremer 12de Laan, Denise Steenkamp Sigmastraat, Annatjie Smith Blombosch, Rolene Jacobs Stinkhoutstraat,*

**Sterftes:** *Johan Barkhuizen 19de Laan (eggenoot van Louise).*